

Woensdag 2 Augustus

Skrifgedeelte: 1 Samuel 2:22-25; 3:11-14

Fokusgedeelte: 1 Samuel 3:13; HK Sondag 27, Antwoord 74

Die kinderdoop en die roeping van die ouers

As die Kategismus sê dat die kinders van die gelowiges deur die doop van die kinders van die ongelowiges onderskei moet word, is dit duidelik dat dit hier nie bloot oor die doop as uitwendige teken gaan nie. Binne 'n kort rukkie na die doop is daar van die water op die kind se kop niks meer te sien nie. Daarom word hier bedoel dat die ouers hulle kind as 'n gedoopte met gehoor-saamheid aan God moet opvoed sodat hy hom, terwyl hy opgroei, steeds meer as 'n kind van God kan openbaar.

Dit gaan dus hier veral oor die roeping van die ouers. By die doop belowe hulle om hulle kind in die Christelike leer na hulle vermoë te onderrig en te laat onderrig. Daarby eis die Here ook so 'n opvoeding van die ouers as Hy van sy gebooië aan hulle sê: “Hierdie gebooië wat Ek jou vandag gegee het, moet in jou gedagtes bly. Jy moet dit inskerp by jou kinders en met hulle daar-oor praat as jy in jou huis sit en as jy op pad is, as jy gaan slaap en as jy opstaan” (Deut. 6:6, 7).

'n Duidelike voorbeeld van wat gebeur as ouers hulle kinders nie opvoed om hulle verbond met God en die verbondsteken te verstaan en daarvolgens te lewe nie, kry ons in die geskiedenis van Eli en sy seuns in 1 Samuel 2 en 3. Eli se seuns, Hofni en Pinehas, was priesters wat in die huis van die Here diens gedoen het. Van hulle word egter in 1 Samuel 2:12-26 gesê dat hulle slegte mense was wat nie met die Here rekening gehou het nie. Hulle het hulle ver-gryp aan die offers van die Here en owerspel gepleeg by die huis van die Here. Daar was dus geen onderskeid tussen hulle lewe as gelowiges en die lewe van die ongelowiges nie.

Wanneer Eli van sy seuns se sondes hoor, vermaan hy hulle om dit nie te doen nie, maar hy het nie met die handhawing van dissipline streng teenoor hulle opgetree nie (1 Sam. 22:22-26). Hierdie slapheid van Eli was so 'n groot sonde in die oë van die Here dat Hy van Eli en sy seuns aan Samuel gesê het: “Toe sy seuns die vloek oor hulle gebring het het hy hulle nie (streng) bestraf nie. Daarom bevestig Ek met 'n eed aangaande die huis van Eli: die ongeregtigheid van Eli se familie sal sekerlik nooit deur dieroffer of graanoffer ver-soen word nie” (1 Sam. 3:13-14).

Dit is 'n verskriklike oordeel wat die Here uitgespreek het oor 'n man wat nie sy kinders kragtens sy verbond met God met eerbied vir en gehoor-saamheid aan God opgevoed het nie. Dit is 'n ernstige waarskuwing wat die Here ook vandag rig aan ouers wat nalaat om hulle kinders as gedoopte kinders op te voed.